Gesondheid en veiligheid

- Ons poog om die kleuters en volwassenes by die Sentrum so gesond en veilig as moontlik te hou. Om dit te kan doen benodig ons u samewerking. Indien u kind enige van die volgende siektesimptome toon versoek ons vriendelik dat u, u kind tuis sal hou. Dit behoort die verspreiding van siektes te beperk. Dit sal verhoed dat sodanige siektes versprei en sal u kleuter help om sy / haar kragte en gesondheid te herwin.

Kleuters sal van die Sentrum uitgesluit word as:

- Die siekte die kleuter verhoed om aan normale aktiwiteite deel te neem.
- Hulle siekte meer aandag van die personeel vereis as wat hulle in staat is om te gee sonder om die behoeftes van die ander kleuters af te skeep.
- Die teenwoordigheid van die kleuter in die Sentrum 'n gesondheidsrisiko, vir of die kleuter self of die persone met wie hy in aanraking kom, inhou.
- Hulle aan enige van die kriteria voldoen wat in die riglyne hier onder uiteen gesit is.

Riglyne vir uitsluiting.
Indien u kind die volgende het:

- **Diarree** (meer as 2 stoelgange in die bestek van 'n paar uur)
  - Meer as 1 maal in 'n 24 uur periode **opgegooi** het.
- 'n **Veluitslag** wat met koors gepaard gaan, tensy u geskrewe toestemming van u dokter het dat u kleuter wel die skool mag bywoon.
- **Konjuktivitis ("pienk eyes")** met ' etterige afskeiding tot 24 uur nadat geskikte behandeling begin is en daar geen afskeiding meer teenwoordig is nie.
- **Kopluise** tot en met 24 uur nadat behandeling begin is.
- **Enige aansteeklike siekte** totdat 'n dokter skriftelike toestemming gegee het dat die kleuter mag terugkeer skooltoe.
- Dit sluit tering, pampoentjies, Impetigo, Hepatitis A, waterpokkies, masels, kinkhoes, duitse masels, gordelroos en streptococci keelinfeksies in.
- **'n Koors van 38 grade** met ander tekens van olikheid bv. (huilerigheid, slaperigheid, hoes, vinnige asemhaling en 'n toe bors.)

INDIEN DAAR ENIGE TWYFEL OOR 'N KLEUTER SE GESONDHEID BESTAAN SAL DIE OUERS VERSOEK WORD OM GESKREWE TOESTEMMING VAN 'N DOKTER VOOR TE Lê WAT MAGTIGING VERLEEN DAT DIE KLEUTER WEER DIE SKOOL MAG BYWOON.

- Wanneer 'n kleuter by die Sentrum siek word, sal hy / sy in afsondering onder volwasse toesig geplaas word en u sal gekontak word om hom / haar te kom haal. 'n Volledige geskrewe verslag sal bygehou word van die kind se siekte met simptome en enige behandeling wat met u toestemming gegee is. Hierdie verslag sal aan u gegee word om aan die dokter of kliniek te gee wanneer u, u kleuter kom haal.
- Ouers sal, dmv 'n kennisgewing op die kennisgewingbord, ingelig word oor enige aansteeklike of ernstige siekte van kleuters of volwassenes by die Sentrum.
- Wetgewing vereis dat elke kleuter sekere immunisasies moet kry. Maak asseblief seker dat dit op die vereiste ouderdom gedoen word.
- Dit is raadsaam om u baba of peuter teen Hib siekte te laat immuniseer. Verkry asseblief u dokter se raad oor Hib en MMR immunisasie.

Huidige Suid-Afrikaanse immunisasieskedule:

OUDERDOM	VAKSIENE	SIEKTES WAARTEEN GEÏMMUNISEER WORD
Geboorte (Hospitaal)	BCG + Polio	Tuberkulose en Polio
8 Weke	Infanrixhexra	Witseerkeel, klem in die kaak, geelsug (Hep B), meningitis (Hib) en Polio
	Rotavirus	Rotavirus- diaree/braking
	Prevenar	Longontsteking, middeloor ontsteking en meningitis
12 Weke	Infanrixhexra	Witseerkeel, klem in die kaak, geelsug (Hep B), meningitis (Hib) en Polio
	Rotavirus	Rotavirus-diaree/braking
	Prevenar	Longontsteking, middeloor ontsteking en meningitis
16 Weke	Infanrixhexra	Witseerkeel, klem in die kaak, geelsug (Hep B), meningitis (Hib) en Polio
	Prevenar	Longontsteking, middeloor ontsteking en meningitis
9 Maande	Rouvax	Masels
12 Maande	Varilrix	Waterpokkies
	Avaxim 80 Of Havrix Jnr	Geelsug (Hepatitis A)
15 Maande	Trimovax / Priorix	Pampoentjies, Masels, Duitse Masels
	Prevenar	Longontsteking, middeloorontsteking en meningitis
18 Maande	Infanrixhexra	Witseerkeel, klem in die kaak, geelsug (Hep B), meningitis (Hib) en Polio
	Avaxim 80 / Havrix Jnr	Geelsug (Hepatitis A)
6 Jaar	Infranrix Hexa	Klem in die kaak, witseerkeel en polio
	Priorix / Trimovax	Pampoentjies, Masels, Duitse Masels
12 / 13 Jaar	Adacel Quadra	Klem in die kaak, witseerkeel en polio
	Cervarix / Gardisal	Servikale kanker

- Mediese en verpleegpersoneel van die plaaslike owerheid doen jaarliks gesondheidsinspeksies by die Sentrum en alle kleuters word ondersoek om moontlike gesondheidsprobleme te identifiseer.
- Neem kennis dat geen behandeling deur die munisipale gesondheidsdiens toegepas sal word nie. U sal slegs ingelig word indien enige moontlike probleme ontdek word.
- In geval van ‘n mediese noodgeval, sal noodhulp deur die personeel toegepas word. Die ouer sal onmiddellik ingelig word. Indien mediese aandag benodig word, sal die personeel die plaaslike ambulansdiens skakel, wat die kleuter dan stabiliseer en na die naasste hospitaal se noodgevalle afdeling sal vervoer. Elke moontlike poging sal aangewend word om die kleuter se eie dokter te kontak.
- Geen medikasie sal op ‘n gereelde basis aan die kleuters by die Sentrum toegedien word nie, behalwe in die geval van kroniese siektes (bv. asma.)

Indien u kleuter gereeld medisyne moet gebruik, volg asseblief die volgende prosedure,

- Die medisyne moet persoonlik deur die ouer aan die onderwyseres oorhandig word.

- Die medisyne moet deur ‘n mediese dokter voorgeskryf word.

- Dit moet voorsien word in ‘n houer met ‘n aptekersetiket waarop die volgende instruksies duidelik aangedui word:

    - die dosis
    - tyd en gereeldheid van toediening
    - die kleuter se naam
    - die dokter se naam
    - die naam van die medisyne
    - die datum van die voorskrif
    - enige spesifieke opdragte i.v.m berging van die medisyne (bv. in die yskas)

    Die ouer moet ook die medisyneboek invul en teken waar al bogenoemde inligting verskyn.